



Christen vrouwees vandag

Die Christelike Vrou

Amptelike mondstuk van die NHSV

Hannelie Botha (redakteur), Thea van Rooyen, Annerie Conradie, Danie Smith, Elize Jones, Sonette Benson, Ina Jansen van Vuren, Elsie Slabbert
diechristelikevrou@gmail.com Posbus 111, Worcester 6849 www.nhsv.org.za

Leef vanjaar met **hoop**

Ds Hannelie Botha

Die huis waar ek bly, het 'n heel skaflike groot tuin – nie gróót nie, maar heeltemaal groot genoeg vir die rirugkruising om haar bene lekker en behoorlik te rek.

Gedurende die paar maande waarin veral die Wes-Kaap gebuk gegaan het onder die droogte, het daar egter van hierdie tuin bitter min oorgebly. In een stadium – net voordat die eerste welkome reën geval het – was hier werklik géén gras oor nie. Dit was nie eens net dooie gras nie, dit was regtig net sand. Baie mense het hul tuine heeltemaal verander deur dooie gras en ander plante uit te haal en te vervang met klippies of plaveisel. Daar was selfs diegene wat hul “grasperke” met 'n spesiale verf groen gespuitverf het! Regtig. Vetplante het ook die in-ding geword hier rond. Ek dink baie meer mense as in die verlede was dankbaar en verlig toe die reën uiteindelik begin val het.

Saam met die reën het daar ook hoop gekom: hoop op nuwe lewe, hoop dat die droogte behoorlik gebreek kan word, hoop dat ons damme kan vol raak. In die hoop op lewe en vooruitgang, het ons besluit om die meeste te maak van die grond tot ons beskikking. Uiteindelik is hier nou in hierdie dorpservie steeds 'n hele paar kanniedoodplante (mèt blommetjies aan!), een suurlemoenboom, een rytjie elk beet, ertjies, spinasie, tamaties, uie, wortels... en ágt jong granaatboompies! Ons het uitgevind dat

granaatbome geharde bome is en nie konstant baie water nodig het nie. Tuinmaak is egter nie goedkoop nie, en daarom het ons maar klein boompies gekoop. Eintlik het dit aanvanklik vir my maar net na leë takke gelyk, maar die geloof was daar... Ons het ook verstaan dat granaatbome eers na ongeveer drie jaar vrugte dra, maar ons was bereid om te wag op die wonder van nuwe lewe en nuwe vrugte.

Dit is nou omtrent vier maande sedert die boompies in die grond is, en die afgelope naweek het ons ontdek dat daar aan een van hulle 'n klein vruggie sit! Watter vreugde; watter opgewondenheid; watter dankbaarheid! Die verskyning van hierdie klein vruggie het hoop gebring te midde van die wete dat water voortaan steeds spaarsamig gebruik moet word. Hierdie granaatjie het vir my 'n simbool van hoop geword. (Ja, ek weet ons het sekerlik nog baie te leer oor granate, maar ek vind steeds hoop hierin.)

Mag elke vrou wat hier lees, elke vrou in ons Kerk, elke vrou in enige kerk, elke vrou oor die wêreld heen die een of ander simbool van hoop raaksien en beleef. Mag ons in 2019 met hoop leef!

Wêreldbiddag vir Vroue: Vrydag 1 Maart 2019

Kom –
alles is gereed!

Mari-lizé Beukes



Die Wêreldbiddag vir Vroue het in 1887 in die VSA ontstaan toe 'n klompie vroue, in die Presbiteriaanse Kerk, besorg was oor die swaarkry van vroue- en kinderslawe in die VSA.

Die beweging het spontaan verder uitgebrei na Kanada en later na Europa, waar dit vanaf Engeland verder versprei het. Vandag word hierdie biddag vir vroue in 170 lande, waarvan Suid-Afrika ook deel is, op die eerste Vrydag in Maart elke jaar gevier.

In 2019 is die Wêreldbiddag vir Vroue al vir 132 jaar ononderbroke deel van 'n wêreldwye ekumeniese beweging waar vroue regoor die wêreld bid vir alle vroue in ander lande vir elkeen se unieke omstandighede en behoeftes. In Suid-Afrika het die Wêreldbiddag vir Vroue vir die eerste keer tot stand gekom in 1930 in die Wes-Kaap, waarvandaan dit landwyd verder uitgebrei het. In 2020 vier ons in Suid-Afrika dus die 90-jarige bestaan van hierdie organisasie in ons land.

Die hoofkantoor van die Wêreldbiddag vir Vroue is internasionaal gesetel in New York – kyk gerus na hul webblad <https://worlddayofprayer.net>. Alle deelnemende lande kry 'n beurt om die program vir die biddag saam te stel. Die merkwaardige daarvan is dat daar op hierdie eerste Vrydag van Maart vir 24 uur, vanaf die geografiese ooste – Nieu-Seeland begin eerste – dwarsoor die wêreld tot in die Weste, presies dieselfde program deur miljoene Christenvroue gebid en gevier word. Om voorsiening te maak vir die variasie in kerke wêreldwyd, word die program gevolg soos die betrokke land dit opgestel het. Slowenië het 2019 se program saamgestel, maar daar is ook ruimte gelaat vir gemeentes wat hiervan wil afwyk om by hul eie identiteit aan te pas.

In Suid-Afrika word die program in Afrikaans, Engels en ses Afrikatale vertaal. Die Wêreldbiddag vir Vroue se nasionale kantoor in Suid-Afrika is geleë in Kempton Park – kyk by www.wwdp.co.za. Hiervandaan versprei hulle programme regoor Suid-Afrika, asook na van ons buurlande soos Namibië, Botswana, Zimbabwe, Lesotho en Swaziland. Afgesien van die elektroniese formaat van die programme, word ongeveer 100 000 gedrukte programme ook jaarliks versprei. Pragtige serpe en sakke, met die gedrukte logo van

die Wêreldbiddag vir Vroue, is ook te koop by hul kantoor.

Hierdie saamgestelde program, vir elke jaar se biddag, gee elke jaar 'n kort geskiedenis van die land, insluitend geografiese besonderhede van die land, huidige ekonomiese faktore, dienste wat vir almal beskikbaar is, die rol van vroue in die samelewing, funksionering van die gesinstruktuur, verskillende kerke wat betrokke is, en die welstand van kinders. Slowenië het die program vir 2019 saamgestel met 'n kort uittreksel van hul land se geskiedenis – soos hierbo uiteengesit.

Die tweede gedeelte van die program bestaan uit verskeie vroue se verhale van moeilike omstandighede waarin hulle leef en oorleef het. Tussendeur word daar gesing deur die gemeentes en kore, wat afgewissel word deur gebed vir spesifieke sake wat almal na aan die hart lê.

Die derde gedeelte bestaan uit Skriflesing uit Lukas 14: 15-24, gevolg deur prediking. Die tema vir hierdie jaar se biddag is: *Kom – alles is gereed!* In die Bybel word op verskeie plekke verwys na Jesus wat saam met mense eet en die waarde wat daaraan geheg is om saam met iemand te eet. In die bekende Skrifgedeelte maak al die genooies verskoning vir die gasheer se uitnodiging vir ete, en beveel die gasheer dat sy mense moet uitgaan in die strate en almal bymekaar moet maak – blindes, armes, verlamdes en kreupeles (sien die program se voorblad vir uitbeelding) – om by sy ete aan te sluit.

Die interpretasie vir ons vandag beteken dat God se genade so groot is vir elkeen van ons, al verdien ons dit nie. God se liefde en omgee vir elkeen beteken ons is almal welkom om by sy tafel aan te sit. Dit is dan ons roeping, as vroue, om hierdie boodskap verder uit te dra in ons land, gemeenskappe en gemeentes. Ons moet God se liefde en genade uitleef in die wêreld om ons!

Die Dag wat U, o Heer, gegee het

Prof Elsabé Kloppers

Liedboek 567 is die amptelike lied van die Wêreldbiddag vir Vroue, wat op 1 Maart oor die hele wêreld gesing word.

Liedboek 567

Die dag wat U, o Heer, gegee het,
is nou verby, die nag kom aan;
soos U ons môrelied ontgvang het,
neem nou ons naggebed ook aan.

Dieselfde son wat hier aan't kwyn is,
bring oor die see weer oggendlig -
voortdurend klink deur mensestemme
'n bede of 'n lofgedig.

Soos sonder einde son en skemer
steeds om die hele aarde gaan,
so sing en bid ons broers en susters
waar ookal hul voor U kom staan.

Ons dank U, Heer, dat U nie slaap nie,
by U bly dit voortdurend dag;
terwyl dit donker hier by ons is
hou U deur heel die wêreld wag.

U trou staan vas - net aardse ryke
laat onderdane in die steek;
U ryk brei uit en groei vir ewig
tot u Dag groots in glorie breek.

*Afrikaanse weergawe:
Elsabé Kloppers*

The day thou gavest is 'n liedteks van John F Ellerton (1826-1893), 'n geordende priester in die Church of England. Dit is 'n lied wat in baie tale van die wêreld vertaal is en wat reeds vir meer as 100 jaar oor die wêreld gesing word. Dit is 'n belangrike ekumeniese lied, daarom het ek gepoog om dié lied ook vir die Afrikaanse kerke te ontsluit - dat ons ook in ons eie taal kan saamsing! Die tema van die lied is die groei van die Christelike kerk wêreldwyd en die onophoudelike lof aan God.

Dit gee 'n perspektief wat die wêreld omspan: Wanneer die donker van die nag oor ons kom, gaan die son in ander dele op. Terwyl ons ons aandgebed sing, klink die môrelied van Christene in ander lande.

Die lof aan God is nooit stil nie - die lofsang is by uitstek die teken van die verbondenheid van Christene aan mekaar, oor die wêreld heen.

Die lied eindig met die belydenis dat God bo al die koninkryke van die wêreld staan. God se koninkryk sal nie verbygaan, soos aardse ryke nie. Die lof van die kerk, wat voortdurend klink, hou die hoop op God se koninkryk wakker. Soos in die oorspronklike Engelse teks en dié in ander tale, word baie versreëls nou met mekaar verbind, wat die indruk van die ononderbroke vloei van die lof nog verder versterk.

Koningin Victoria het hierdie gesang gekies vir haar Diamantjubileum in 1897, waarskynlik vanweë die beeld van die wêreldwye kerk as 'n simbool vir die Britse Ryk *on which the sun never sets* - dit ondanks die feit dat die lied beklemtoon dat aardse koninkryke nie stand hou nie (vgl Matt 6: 33)!

Musiek

ST CLEMENT, die melodie van Clement Cotterill Scholefield (1839-1904), is vir hierdie teks gekomponeer. Die teks en melodie hoort onlosmaaklik bymekaar. Dit is 'n gevoelvolle melodie, wat met die wydgespande boë en die eindelose "voortstromende" beweging "oor die see" die bedoeling van die teks op 'n besondere wyse weerspieël.

Liturgiese funksie

Die lied is 'n treffende aandgesang, maar kan ook gebruik word as afsluiting van 'n erediens, veral in erediensde waar die missionêre dimensie in fokus staan. Dit is baie gepas by kerklike feeste, groot ekumeniese byeenkomste en veral ook Hervormingsondag. Die lied kan ook baie mooi by 'n begrafnis funksioneer. Dit is trouens my keuse vir 'n uitvaartgesang - om gesing te word, wanneer die lewendag "wat die Heer my gegee het", verby is. En om gesing te word in die wete dat sy Dag groots en met glorie sal breek. Wanneer my dag hier verby is, word sy lofsang oor die hele aarde en in die hemel nie stil nie, maar klink dit onophoudelik voort. 'n Lied wat gesing word met dié dankbaarheid: dat ek 'n bydrae kon lewer dat sy lied sonder einde om die hele aarde gaan.

Die mooie Kaap

Lekker doendinge

Ds Hannelie Botha

Gaste wat soms by ons aandoen hier in die Paarl, sê gereeld hoe pragtig ons omgewing is, en dis baie waar. Nie net die Paarl nie, maar die hele Wes-Kaap is pragtig. Eintlik is ons hele land mooi en elke plek het sy eie soort bekoring. Met die Desemberavakansie pas agter die rug, was daar sekerlik van ons lidmate wat in hierdie omgewing kom kuier het. Ek deel graag 'n paar doendinge wat ek self reeds beproef het of nog beplan.

Spice Route lê aan die hange van die Paarlberge (neffens die ewe bekende Fairview- bokmelkkaasplaas) en bied proe- en estetiese ervarings aan by verskillende stillhouplekke wat maar enkele meters van mekaar af is – byna soos 'n inkopiesentrum, maar net aansienlik mooier, rustiger en lekkerder. Jy kan nie anders nie as om 'n hele dag hier deur te bring – hier is baie om te doen. Jy sal dalk selfs vir 'n tweede dag hierheen moet kom om alles te beleef.

Hierdie bestemming vier die Kaap se diverse kulture: Jy kan spesialiteitsjokolade kom proe – héérlik! Of jy kan gaan kyk hoe spesialiteitsroomys gemaak word en dit gaan proe. Of jy kan die koffie- of bierbrouery besoek, of die asemrowende glasblaasfabriek (baie versigtig!) besoek, of die diamantsnyers gadeslaan, of deelneem aan verskillende sportaktiwiteite. Dan het ek nog nie eens begin vertel nie van die verskillende restaurante waar jy enigiets van pizza tot kaasborde tot die beste van Suid-Afrikaanse *cuisine* kan bestel.

Daar is nog sóveel wonderlike plekke hierrond om te beleef. Dalk moet ek dit 'n reeks maak en ook ander plekke aan ons lesers voorstel... Kyk intussen na 'n paar van Spice Route ('n borg van ons streekbyeenkoms) se pragtige foto's: As jy internettoegang het, gaan kyk na hul webwerf by www.spiceroute.co.za.



Met hierdie paspoort kan jy by die meeste van die proe-plekke gaan baljaar

Die NHSV en MIV-vigs

Ds Kathleen Smith

In die jaar waarin Die Christelike Vrou haar 75ste jaar vier, draai die horlosie terug in tyd: na alles wat die vrou op allerlei terreine beleef het, binne die kerk en daarbuite. Alles wat met vroue die afgelope 75 jaar gebeur het, was nie net mooi en vrolik en kleurvol en opwindend nie.

In hierdie 75 jaar het dit ook gebeur dat reeds in 1982 die eerste twee gevalle van vigs geïdentifiseer is in Suid-Afrika. En hierdie geskiedenis is 'n verhaal van ontkenning en stigmatisering, van agterdog en vooroordeel. Daar is ook onkunde en mites wat die oorhand kry, en só versprei hierdie virus baie slu onder ons oë en onder ons.

Ja, dit raak ons elkeen. Ook vroue van die NHSV, almal is ewe kwesbaar daarvoor. Dink vir 'n oomblik daaraan dat dit vroue is wat geboorte skenk aan kinders, wat borsvoed, wat ook deur ontrouheid in die huwelik geraak word. Die mite dat, om met 'n maagd seks te hê, gesond maak, raak veral ons jong dogters – selfs babas!

Wanneer ons na die omvang en impak van hierdie vigs-pandemie kyk, is die behoefte aan en noodsaak van kerklike betrokkenheid vanselfsprekend. In Suid-Afrika leef ongeveer 6,8 miljoen mense met hierdie virus. Uit hierdie magdom mense is 340 000 kinders onder die ouderdom van 14 jaar! Soos wat werkloosheid en armoede in die land toeneem, spiraal hierdie getalle van mense wat geïnfekteer word.

As ons hieroor praat, moet ons ook die gevolge en die realiteite wat dit vir ons inhou, besef. Dit het 'n impak op die ekonomie. Dit lei tot 'n toename in afwesigheid by die werk, ingekorte produktiwiteit en verhoogde omset – en mediese onkoste.

Dit lei ook tot lewensverlies van jong mense. Ons het nodig om mekaar daaraan te herinner dat ons kwesbaar is, dat almal geïnfekteer word. Ons het nodig om bemagtig te word – nie net oor die siekte wat verwoesting en wanhoop saai nie, maar oor die hoop wat daar is: die hoop waarvan ons in die Bybel lees. Daarom is verantwoordelike gebruik van die Bybel nodig. Ons moet praat oor die verstaan van geslagsrolle en van seks en seksualiteit. Ons moet praat oor die trauma wat diegene wat met die MIV-virus leef, beleef. Ons moet praat oor hul ekonomiese omstandighede en hul versorging waar nodig; hul versorgers en familie wat almal ly. Ten spyte van allerlei voorkomingsveldtogte, kategetiese-inligting en skoolvoorigting, hoor ons nie die noodroep nie. Dit is asof dit ons nie raak nie. Dit bly 'n siekte wat as

'n geheim behandel word, want mense is bang en skaam.

Daar is twee geleenthede wat gebruik word om bewustheid te kweek binne die kerk. Die derde Sondag in Mei is wat bekend geword het as *Aids Memorial Sunday*. Die *New York Times* van 14 Junie 1983 het berig dat daar die vorige dag 'n *candlelight vigil and memorial service* in Central Park gehou is wat deur 1 500 mense bygewoon is. Die geleentheid is gereël vir Ken Ramsauer wat op 23 Mei oorlede is. Hy het nasionaal bekendheid verwerf nadat hy geleef het met die stigma dat hy MIV-positief was.

In 1986 is die eerste Vigsherdenkingsdag in Amsterdam gehou. Hierna het dit blykbaar gou 'n internasionale geleentheid geword. Dit is altyd op 'n Sondag, en by hierdie geleentheid word by uitstek gefokus op die impak van MIV en vigs in die lewe van gelowiges, individue, gemeentes en gemeenskappe. Dis 'n geleentheid waarmee die geloofsgemeenskap duidelik demonstreer dat ons almal deur die vigs-pandemie geïnfekteer word.

Die tweede geleentheid waar bewustheid gekweek word, is Wêreldvigsdag wat op 1 Desember gedenk word. Dan is die fokus op die oorsake, die voorkoming en hantering van die pandemie.

Kom, laat ons as mans en vroue van ons geloofsgemeenskap die moed aan die dag lê en ingelig word. Laat ons help. Laat ons ons vooroordele vergeet en sorg dat ons bemagtig word met kennis. Laat ons ons harte oopmaak en intree vir diegene wat geïnfekteer en geïnfekteer word. Hoe hartseer is dit dat daar in ons eie gemeentes lidmate is wat siek is, maar dit nooit sal waag om dit te deel nie.

'n Mens dink aan Moeder Teresa wat in 1950 die beweging *Touch a leper with your compassion* begin het. Sy het nie gekroom om uit te reik en om te gee nie, sonder voorbehoud. Laat ons daardie seën wees, wat met sy liefde en omgee uitreik na ander. Laat ons juis uitreik na mense wat in hul diepste seer, behoefte het aan hoop. Onthou: *As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly* (1 Kor 12: 26).